

# SOEK EN HERSTEL LEKKASIES

Met lekkasies kan baie water gemors word, veral as dit ondergronds is óf jy nie dit opmerk nie en vir 'n geruime tyd nie iets daaraan doen nie. Lekkasies op jou eiendom is jou verantwoordelikheid. Hier is riglyne om dit vinnig op te spoor en reg te maak sodat jy water én geld kan spaar.

HOE OM LEKKASIES OP JOU EIENDOM OP TE SPOOR		3 MAKLIKE TOETSE VIR 'N LEKKENDE TOILET	
<b>1</b> 	<b>STOP ALLE WATERGEBRUIK.</b> Maak alle krane op die eiendom toe en moenie die toilette spoel nie.	'n Lekkende toilet mors tussen ongeveer 2 600 en 13 000 liter water per maand, afhangende van hoe vinnig dit lek. 'n Lekkende kraan mors tussen 400 en 2 600 liter per maand.	
<b>2</b> 	<b>KYK WAT JOU METERLESING IS EN SKRYF DIT NEER.</b>	<b>1</b> 	Luister of water in die toiletspoelbak drup.
<b>3</b> 	<b>WAG 15 MINUTE EN NEEM WEER 'N LESING.</b> Maak seker niemand het 'n kraan oopgedraai of die toilet gespoel sedert jou eerste meterlesing nie.	<b>2</b> 	Druk 'n stuk toilet papier agter teen die binnekant van die toiletspoelbak. As dit nat raak, is daar waarskynlik 'n lekkasie.
<b>4</b> 	<b>AS DIT VERSKIL, IS DAAR 'N LEKKASIE WAT REGGEMAAK MOET WORD.</b> As die getal op die meter hoër is, beteken dit jy het 'n lekkasie en moet volgens die Stad se Verordening iets daaraan doen.	<b>3</b> 	Plaas 15 druppels voedselkleursel in die toiletbak. As die water in die toiletspoelbak na 15 minute verkleur het, is daar 'n lekkasie.
<b>5</b> 	<b>BEL 'N LOODGIETER OM JOU TE HELP OM DIE LEKKASIE REG TE MAAK.</b> Tensy dit eenvoudig is en jy dit self kan doen.	As jy nie kan bekostig om 'n loodgieter te bel om 'n ernstige toiletprobleem te kom regmaak nie, gebruik die klein stopkraan/hoekklepkraan by die toiletbasis om die water tussen spoel afgedraai te hou.	

## MELD GEBARSTE PYPE OF LEKKASIES IN STRATE EN OPENBARE PLEKKE AAN

- **WhatsApp** 060 018 1505
- **Aanlyn:** [www.capetown.gov.za/servicerequests](http://www.capetown.gov.za/servicerequests)
- **E-pos:** [water@capetown.gov.za](mailto:water@capetown.gov.za)
- **SMS** 31373: met ligging en kontaknommer onder 160 karakters, heg 'n foto met die datum en tyd wat dit geneem is aan as bewyse.
- **Bel:** 0860 103 089
- **Besoek 'n instapsentrum:** [www.capetown.gov.za/facilities](http://www.capetown.gov.za/facilities)

Indien die oproepsentrum 'n hoë volume oproepe ervaar, probeer asseblief een van die ander maniere om die Stad te kontak.

## LYS VAN GEREGISTREERDE LOODGIETERS IN KAAPSTAD

**Gaan na:** [www.capetown.gov.za/thinkwater](http://www.capetown.gov.za/thinkwater)

Let daarop dat die Stad nie verantwoordelik is vir enige werk wat enigeen van die loodgieters op hierdie lys doen nie.

## DOEN-DIT-SELF-GIDS VIR DIE REGMAAK VAN LEKKASIES

**Gaan na:** [www.capetown.gov.za/thinkwater](http://www.capetown.gov.za/thinkwater)



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD